

Dubbeltjies kan geeldikkop-siekte by vee veroorsaak



Kort na die eerste reëns kom die dubbeltjies uit soos hare op 'n hond. Diere is bly en vreet gretig aan die vars groen na die lang droë periode. As daar 'n opvolgreën kom, lyk groot kolle in die veld binnekort net **geel**, veral langs paaie, in kampe se hoeke, rondom hekke en op ou mielielande; daar, waar die grond versteurd is.

Ons as boere moet oppas, dat vee dan nie net dit vreet nie, maar ook ander kos soos gras, hooi of enige ander fyngemaalde voer, want te veel dubbeltjekos, sy dit vars of verlep, kan hewige vergiftiging veroorsaak. Die kop swel op, lippe en ooglede bars oop, die lewer kan aangetas word as gevolg van die vergiftiging, dan word dit **geeldikkop** genoem. Die dier is baie, baie siek en kan selfs vrek. Die vergiftiging veroorsaak geelsug.



Die bees hier bo op die foto lyk of dit sonbrand opgedoen het. Die vel by die wit vlekke skeur op die grenslyn tussen lig en donker en kom grootvlakkig af. Eintlik is dit nie regtig sonbrand nie, want die sonstrale as sulks is nie die oorsaak nie.

Die oorsaak is te veel chlorofil in die kos (duwweltjies, bv.). Die lewer kan dit nie alles verwerk nie en die chlorofil beland in die bloed. In die bloed tree dit op asof dit in 'n plant is: dit trek sonlig in, en by vee met pigmentarm of pigmentlose kolle word die lig juis daar "ingetrek" en die vel brand. Dus lê die oorsaak eintlik by die lewer, wat absoluut ooreis is.

Die "sonbrand" is dus eintlik 'n baie erge liggevoeligheid, wat ook die oë aantast. Eers 'n paar dae na die "oorvreet" aan dubbeltjies kom die vergiftigingssimptome te voorskyn, en as jy weet wat fout is, doen die volgende:

Haal die dier uit die son en bring dit onder dak of in diep skaduwee.

Gee 'n anti-histamien (teenmiddel teen allergie) in asook vitamienes, veral A en D.

Probeer die aangetaste velgedeeltes beskerm teen **vlieë** en inflammasie (sinksalf help, maar ook die antibiotiese gaas wat by brandwondes opgesit word).

Gee voer sonder groen, d.w.s. gedroogde kos (gras-, boontjehooi bv.) en genoeg water.

Sodra die lewer en gal weer herstel het, sal die dier ook gesond word, maar dit kan lank neem, **maande!**

Die hare groei ook weer, maar moontlik nie meer so dig soos voorheen

Dit is miskien nog belangrik om te weet, dat dit nie net by inname van verlepte dubbeltjies kan gebeur nie, ook by vars plante. Gewoonlik gebeur dit in die laat somer, as dit nie meer reën nie, maar die plante nog vol sap is.

As 'n mens in die internet na nog inligting soek, gee net iets soos *sonbrand by bees* in, daar's baie oor hierdie onderwerp te vinde.

Inligtingsbronne:

www.fwl.co.uk/community/topic/cow-with-sunburn

Ilse Dennler (Danke!)

Siektes en Parasiete van Beeste, Skape en Bokke in Suid-Afrika (P.Oberem, D.Odendaal, PT.Oberem, MGS.Snyman, L.Ludwig, H.Mynhardt)

Fotos van siek bees: Ilse Dennler

Teks en fotos van *Terrestris tribulus*: Anka Eichhoff

Februarie 2017